

“LEWE in GOD se LIEFDE”

# Pellissier

**NG Gemeente**

AANSOEK OM DIE VOLTREKKING VAN 'N HUWELIK  
REËLINGS

[www.ngkerkpellissier.co.za](http://www.ngkerkpellissier.co.za) e-pos: [ngk@ngkerkpellissier.co.za](mailto:ngk@ngkerkpellissier.co.za)

Vlakteinlaan 6  
Pellissier  
9322  
Tel: +27(0)51 4224917  
+27(0)51 4224010  
Faks: 086 605 0459  
Faks: +23(0)51 4225738

# REËLINGS MET BETREKKING TOT HUWELIKE

**ONS WIL JOU GRAAG ONDERSTEUN OM JOU HUWELIKSDAG BAIE SPESIAAL TE MAAK.**

**Hou asb by die onderstaande reëlings om dit vir ons moontlik te maak:**

## **AANVANKLIKE REËLINGS**

- 1.** Indien dit nog nie gereël is nie, skakel onmiddellik met die predikant van jou keuse om jou troudatum te bespreek.
- 2.** Daar mag van predikante van elders gebruik gemaak word, maar volledige besonderhede van die leraar moet aan die Kerkkantoor verskaf word.
- 3.** Indien jy van 'n besoekende leraar se dienste gebruik maak, moet sy/ haar vergoeding onderling tussen julle gereël word asb.
- 4.** Voorgeskrewe vorms word by die Kantoor ingevul sodat volledige besonderhede van die voornemende egpaar en predikant wat die huwelik bevestig deur die Kantoor bewaar kan word. Vorms vir die bespreking van die lokaal word dan ook by Sandra ingevul en onderteken. Alle gelde word vroegtydig (ten minste 2 weke voor die troue) by Sandra Swart by die Kerkkantoor betaal.

## **TROUES BY DIE KERK SELF:**

- 1.** Besprekings vir die kerkgebou/kapel word deur die Weekkoster **Johan van der Walt** hanteer. Skakel vroegtydig met Johan alvorens verdere reëlings getref word om seker te maak die kerk is beskikbaar op die dag en tyd wanneer julle graag wil trou (indien julle in die kerk wil trou).
- 2.** Vir alle reëlings betreffende die inrig van die kerk en die oop en toesluit van die Kerkgebou moet jy vroegtydig met **Zandra van Niekerk** die naweekkoster skakel (**By die kerkkantoor of Selno.: 084 300 3765**). Moet asseblief nie van die leraars verwag om vir jou oop en toe te sluit nie.

## **OOPSLUITREËLINGS**

- 1.** Indien jy graag die binnekant van die kerk van naderby sou wou bekyk of wou inoefen, let daarop dat die Kerkgebou vanaf Maandag tot Vrydag oop is vanaf 8:00 tot 12:30 en dat jy dan welkom is. Skakel asseblief met die kantoor om te verseker daar is nie 'n ander geleentheid aan die gang nie.
- 2.** Indien jy om een of ander rede nie gedurende dié tye na die Kerkgebou kan kyk of kan inoefen nie, reël asb. met die koster wat vir jou sal oopsluit. Hy/Sy (Johan/ Zandra) sal dit vir een geleentheid doen.
- 3.** Die koster sal die kerk een uur voor die tyd oopsluit vir die troue op die bepaalde dag en tyd soos gereël. Blomme kan dan ingesit word, of op 'n tyd soos met haar ooreengekom. Reël die tyd met haar en **kom dit stiptelik na**. Indien jy verhinder word om die afspraak na te kom, stel haar onmiddellik in kennis.

5. Die koster kan dus vir drie geleenthede, soos uiteengesit in 1 en 2 (seremonie ingesluit) die kerk vir jou oopsluit. Enige verdere ritte se koste sal van jou deposito verhaal word teen R50-00 per rit.

## **BLOMMERANGSKIKKINGS** (Let noukeurig op hierdie reëlings)

1. Blomme kan alleenlik binne die Kerkgebou gerangskik word indien 'n beskermende bedekking oor die kerkmat geplaas is. Die mat mag egter onder geen omstandighede nat of beskadig word nie. Die bedekking en alle blomreste moet dadelik na voltooiing van die rangskikking verwyder word, ook wanneer die rangskikking in die kombuis gedoen word.
2. Geen spuitverf op blomme mag in die kerk gedoen word nie.
3. Waar kerse deel van die rangskikking uitmaak, mag die kerse slegs aan die brand gesteeek word indien die nodige mat/vloer-beskerming onder die staander geplaas is. Hierdie beskerming kan van die koster verkry word.
4. Brandende kerse moet te alle tye onder toesig wees en mag nie alleen gelaat word nie. Die brandblusser moet ook naby geplaas word.
6. Die blommerangskikker sorg vir sy/haar eie staander, indien die persoon nie van die kerk se staanders gebruik wil maak nie.
7. Geen blomme/versierings/ander items mag aan die stoele vasgeplak word nie. Versierings mag wel in kelkie-houers langs die paadjie geplaas word. Indien nodig mag 'n stukkie maskeerband gebruik word om dit te verseker aan die kelkie-houer. **(Nie aan die materiaal van die stoele nie!)**
8. Blomrangskikkings **en** staanders kan nie by die kerk gestoor word nie en moet dadelik na die seremonie verwyder word. Persone betrokke by die huweliksreëlings is self daarvoor verantwoordelik om dit te verwyder.

## **DIE ORRELIS**

1. Aangesien die gemeente nie oor 'n orrelis beskik nie, is dit jou eie verantwoordelikheid om jou eie orrelis te reël. Daar is 'n elektroniese orrel/keyboard beskikbaar.

## **HUWELIKSGELDE**

### **1. Uiteensetting**

|               |   |
|---------------|---|
| Leraars       | R 1 500-00 vir gemeentede (Nie-lidmate: R2 000-00)                                    |
| Koster        | R400-00   |
| Klankman      | R450-00   |
| Kerk/Kapel    | R400-00   |
| Dataprojektor | R400-00 (Indien van diens gebruik gemaak word)  |
| Deposito      | R500-00 (Dit sal aan u terugbetaal word na die troue, indien daar geen skades is nie) |

**Die volle bedrag van dienste benodig, die deposito ingesluit, is betaalbaar ten minste twee weke voor die troue.**

2. Indien jy glad nie van ons kerk gebruik maak vir jou huwelik nie, maar wel van een van die predikante, moet jy dit vooraf met die predikant reël. Jy is dan steeds verantwoordelik vir betaling van die R1 500 fooi (vir gemeentede) asook sy reiskoste vanaf Pellissier kerk en terug teen R3-20 per kilometer. **Hierdie gelde is 'n maand voor die troue by die kerkkantoor betaalbaar.**

### **Aftrekkings vanaf die deposito**

- i. Die orrelis sal kosteloos vir twee geleenthede en die koster vir drie geleenthede (dag van troue ingesluit) hul dienste beskikbaar stel. Vir elke addisionele rit sal R50-00 per rit van die deposito verhaal word.

- ii. Indien die kerk of terrein skoon gemaak moet word deur jou toedoen, bv. die mors van blomme of nie-goedgekeurde bruidstrooisels, sal R200-00 van die deposito afgetrek word.

## **BRUIDSTROOISELS**

1. Slegs papierlente & seepborrels mag gebruik word. Gedroogde roosblare mag wel gebruik word, maar teen 'n opruimingsfooie van R200-00. Geen vars roosblare is toelaatbaar nie.

## **VIDEO'S /DVD'S**

1. Indien jy van iemand gebruik sou wou maak om 'n video-opname te maak van die troue, reël asseblief eers met die betrokke predikant, verantwoordelik vir die troue.

## **KLANKSTELSEL** (Tiaan van Vuuren – 083 507 2283)

1. **LET ASB. DAAROP** dat indien jy van die kerk gebruik maak, daar altyd 'n klankman teenwoordig moet wees. Jy moet van die kerk se klankoperateur gebruik maak. **Jy is self verantwoordelik om hom te kontak en die nodige reëlings te tref.** Sodra jy met die leraar, die kantoor en die koster gereël het, moet jy **onmiddellik met die klankman** skakel sodat hy dit in sy dagboek kan aanteken. Indien jy van die klankoperateur verwag om meer as een maal voor die tyd te oefen, sal 'n addisionele bedrag van R50-00 per rit gehef word wat van jou deposito afgetrek sal word.

**ONTHOU: Indien jy van 'n CD tydens jou troudag gebruik maak om ten minste 'n week voor jou troue die CD in die klankman se hande te besorg en self te sorg dat die formaat van die opname met dié van die CD-speler van die kerk ooreenkom.**

**HOU ASSEBLIEF BY DIE REËLINGS OM JOU TROUDAG  
SPESIAAL TE MAAK !**

# HUWELIK

Voltooi asb. hierdie bladsy en stuur terug aan die Kerkkantoor

## **INDIEN U IN DIE KERK/KAPEL TROU**

*Gelde is betaalbaar ten minste 2 weke voor u troue*

**Naam & Van** : Mnr. & Mev. ....

**Troudatum en tyd** : .....

**Waar** :  
.....

**Huweliksbevestiger** : .....

Ons gaan van die volgende dienste gebruik maak :

- |                          |               |   |
|--------------------------|---------------|---|
| <input type="checkbox"/> | Leraars       | R1 500-00 vir lidmate (Nie-lidmate: R2 000)           |
| <input type="checkbox"/> | Koster        | R400-00   |
| <input type="checkbox"/> | Klankman      | R450-00   |
| <input type="checkbox"/> | Dataprojektor | R400-00   |
| <input type="checkbox"/> | Kerk/Kapel    | R400-00   |
| <input type="checkbox"/> | Deposito      | R500-00 (Dit sal aan u terugbetaal word na die troue, |

indien daar geen skades is nie)

**TOTALE BEDRAG VERSKULDIG** : R.....

Ek bevestig dat ek die reëls vir gebruik van die lokale, soos uiteengesit, geles en verstaan het, en bevestig dat ons streng daarby sal hou. Enige skade sal deur my betaalbaar wees en sal van die skadefooi afgetrek word. Indien die skade meer as die fooi is, sal die verskil deur my inbetaal word.

.....  
**NAAM IN DRUKSKRIF**

.....  
**HANDTEKENING**

.....  
**DATUM**

.....  
**KONTAK PERSOON**

.....  
**KONTAK NOMMER**